HEFSIBA

Instituut vir Christelike Hoër Onderwys

Nuusbrief van Kruger en Antoinette
Desember 2008

WEES DAPPER!

Ek het die afgelope tyd gelei gevoel om te preek oor die onderwerp: God soek dapper mense. In ‘n tyd van ekonomiese ineenstorting, werkloosheid, toenemende immoraliteit en gewelddadigheid is dit sekerlik relevant – jy moet dapper wees om te oorleef! Maar ons moet meer as net oorleef. Ons moet dapper bly verkondig dat ons glo in sekere universele Bybelse waarhede, ons moet dapper bly bydra tot die instandhouding van die erediens en die uitbreiding van God se Koninkryk, ons moet dapper bly getuig in ons families en ons werksplekke en ons moet dapper voortgaan met sendingwerk en opleiding van inheemse werkers! *“Gaan met die krag wat jy het”,* sê die Here vir ‘n bang Gideon, *“Toe, Ek stuur jou”* (Rigt.6:14)

Wees sommer dapper om die gogga van gulsigheid te weerstaan, ook oor die Kersgety! Ek en Antoinette wens julle toe ‘n vreugde- en vredevolle feesseisoen vol van die Here se genade. Vergun ons sommer om nou reeds ook baie dankie te sê vir julle betrokkenheid op een of ander wyse by ons bediening en by HEFSIBA gedurende 2008 - dit word opreg waardeer.

GRADEPLEGTIGHEID EN LEGITIMASIE

Die grade/diplomaplegtigheid by HEFSIBA het volgens alle aanduidings goed verloop. Die mansstudente was veral beindruk met hulle nuwe fietse (Robertson se projek) en tweedehandse tikmasjiene – hulle kon hulle oë nie glo nie! Van die studente wat gelegitimeer is gaan 2 na die Thumbine-sinode in die Zambesie-provinsie, 3 na die Mphatso-sinode in die Tete provinsie en 1 student van die Assemblies of God gaan na SIL, die Bybelvertalers in die Cabo Delgado-provinsie.

Op die Kuratorium vergadering van die Teologiese Skool is daar besluit, op my aanbeveling, dat ds Miguel Nobre vanaf 2009 die nuwe Akademiese Direkteur sal word in my plek – bid asb vir hom. Ds. Aaron Muswubi het in my afwesigheid hierdie funksie met baie toewyding onder moeilike omstandighede vervul.

Een besluit wat verontrus is die besluit van die Mphatso-sinode om nie ‘n student beskikbaar te stel vir teologiese studies volgende jaar nie. Hulle voer aan dat hulle nie finansiëel instaat sal wees om hulle te dra as hulle klaarmaak nie… Dit terwyl daar ongeveer 60 000 lidmate in die Tete provinsie is, volgens hulle berekeninge, en net 25 predikante! Dus 2 500 lidmate per predikant. ‘n Predikant se amptelike salaris is minder as R2 000 per maand, maar die meeste kry net sowat R700.

Bid asb vir hierdie gebrek aan dapperheid in die geloof …

Vrouens van die Mphatso-sinode tydens die Eeufees

PROMOSIE VELDTOG

Die afgelope tyd het ek die voorreg gehad om die Woord van die Here op verskeie plekke te bring en ‘n Powerpoint aanbieding van HEFSIBA te vertoon. Ons is orals met ope arms ontvang. So kon ons die gemeentes van Vanderbijlpark-Suid, Vanderbijpark Sentraal, Kloof-en Dal in Roodepoort en Witrivier onlangs inlig oor die stand van sake by HEFSIBA en ons behoeftes. Nuwe strooibiljette is gedruk en ruimskoots versprei. Ek preek die 14de Desember vir die eerste keer in Parys waar ons ons op die oomblik tydelik bevind. Dit staan ander gemeentes , (veral in die omtrek!), vry om ons te nader vir ‘n preek en/of spreekbeurt.

Ons doen weereens ‘n beroep op gemeentes om asb voort te gaan met hul ondersteuning van die beursfonds in 2009. Ander wat vennote wil word van HEFSIBA word ook uitgenooi om bydraes te maak tot die beursfonds of enige gekose projek. Ons herhaal net die volgende (uit ‘n vorige nuusbrief) wat die beurse aanbetref:

> “ Daar is met groot dankbaarheid teenoor God, ons donateurs en buitemuurse studente, kennis geneem van die gesonde finansiële posisie van HEFSIBA. Tog is daar gevind dat ons die begroting met 5% moet opstoot vir 2009 en dus ook ons beursgelde. ‘n Beurs vir volgende jaar vir ‘n egpaar wat voltyds by ons studeer, beloop nou R 17 000 (2 300 Amerikaanse Dollars) d.i. R1 420 per maand. Daar is ook besluit om Teologiese-beurse beskikbaar te stel vir studente wat nie aan ons kerk behoort nie. Dan beplan ons om ook beurse beskikbaar te stel vir buitemuurse studente wat die graad in Sielkunde neem. Die onkoste vir ‘n buitemuurse student om by ons te studeer beloop slegs R5 700 per jaar, d.i. R475 per maand” By lg wil ons dat die student self die helfte moet bydra – die beurs beloop dus R237.50 per maand – nie te veel gevra nie – sien jy dalk daarvoor kans?

Daar is ook intussen vasgestel dat die aanbouing by die huis van Petria Theron in die omgewing van R70 000 sal beloop.

HEFSIBA Bankgegewens;
ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Tak kode: 333-845
Rek nr. 14-2015-5464

ONS VERBLYF IN DIE VRYSTAAT

Ons bly nog baie lekker hier in Parys en dank die Here elke dag vir Sy goedheid. Met ons gesondheid gaan dit ook nog klopdisselboom. My uroloog is tevrede en sal my weer indringend ondersoek, onder narkose, op 9 Januarie in Potch.

Ons kan ‘n boek skryf oor wat alles gebeur het voordat ons klein Drifter-bakkie haar padwaardigheidstoets geslaag het. Genoeg om te sê dat sy besluit het om met oorgawe te kook net toe ons voor die ondersoekinspekteur in Vanderbijl stop! Gedink ons gaan net vir die dag daar wees, maar na 4 dae se wag vir parte moes ons op die ou einde onverrigtersake terugkeer na Parys (met moeg gedraagde boklere en nuutgekoopte onderklere!). Baie dankie aan die Van Deventers vir hul liefde en bystand gedurende hierdie tyd. (Ek skryf hierdie nuusbrief met verbrande vingers nadat ek **dapper** genoeg was om die Drifter se verkoelerprop terug te probeer draai toe kokende water daaruit spuit!)

Die afgelope 4 weke was ons ook aanmekaar op ‘stand by’ gewees vir HEFSIBA met eksamennavrae, punteverwerking, ens. Ek is aangesê om verantwoordelik te bly vir die nuwe Psigologie-graad se kurrikulum-ontwikkeling en stoei nou om die Onderwys Departement in Maputo se vrae hier omtrent te beantwoord. Onthou om ook asb hiervoor te bid.

Ek kry nou eers regtig koers met my studies en begin ‘n dowwe lig in die tonnel sien. Probeer my swaer Willem se raad volg: ABC – Apply Bottom to Chair!

PERSONEELSAKE

1. Dr Kobus Odendaal, die Bestuurder van die Kommissie vir Getuienis van die Wes-Kaap vir Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, het onlangs Vila Ulónguè besoek en goeie vergaderings gehad met die sinode ouens en die sendelinge.
2. Dr. Petria Theron is pas terug in SA en met vakansie. Sy begin volgende jaar voltyds as dosent by HEFSIBA en verlaat dus die vrouens se opleiding. Haar ganery laat ‘n groot leemte en sy vra julle voorbidding vir die voortgang van die werk onder die vrouens van die teologiese studente.
3. Marie Smit gaan volgende jaar help met Engels aan die Derde- en Vierdejaar-studente. Sy help ook nog steeds in ons Biblioteek en is besig om al die boeke op rekenaar te sit. Die familie Smit sit nog steeds in Mosambiek.
4. Irene van der Wij wat gehelp het met die Prakties van die studente in HIV/VIGS, verlaat ons die einde van die jaar om af te tree in die Nederlande. Sy was so professioneel en toegewy en ons dank die Here vir haar.

Wees dapper vir Christus en Sy Koninkryk in 2009!

Kruger en Antoinette